HOOFSTUK 11

Mediese- en Pensioenfonds

(Permanente Personeel)

A. MEDIESE FONDS

Dit is die werkgewer se verantwoordelikheid om te sorg dat die werknemers oor voldoende dekking vir mediese versorging beskik. Permanente werknemers skakel in by die goedgekeurde mediese fonds van die sinode. ’n Uitsluitingskategorie deur die betrokke sinodale kommissie kan beding word. Kompensasie vir volle bydraes word in die vergoedingspakkette vervat. In geval waar die werknemer se gade oor ’n mediese fonds beskik, is dubbele lidmaatskap egter nie nodig nie.

Dit is meer voordelig om binne 'n groter groep aan 'n mediese fonds te behoort. Die NG Kerk beskik oor ooreenkomste met van die mediese fondse. Skakel die sinodale kerkkantoor vir meer inligting in hierdie verband.

Ten opsigte van predikante verskil die reëling van sinode tot sinode en moet saamgelees word met Kerkorde Artikel 13.

> Wetgewing word tans ondersoek wat werkgewers sal verplig om mediese fonds voordele aan alle werknemers te bied.

B. PENSIOENFONDS

1. ALGEMENE PERSONEEL

Lidmaatskap van die betrokke Pensioenfonds/Voorsorgfonds van die NG Kerk word vir alle permanente werknemers volgens die betrokke Personeelbeleid.

2. PREDIKANTE

Lidmaatskap van een van die drie amptelike Predikante Pensioenfondse in die NG Kerk is volgens sinoadel ebsluite verpligtend vir alle voltydse predikante.

3. TENTMAKERS

Reëlings vir die pensioen van die tentmakers moet voldoen aan die vereistes van die Reglement vir tentmakerbediening. (Reglement 16 punt 4.8.1 en 4.8.2)